BOSVELD BOERBOKKLUB

VOORSITTER: SALMON VAN HUYSSTEEN: 082 649 4092

ONDERVOORSITTER: HENNIE VAN NIEKERK: 082 808 9172

SEKRETARESSE: KARIEN VAN NIEKERK: 065 707 1639

ADDISIONELE LID: PIETER BEZUIDENHOUT: 082 388 1307

ADDISIONELE LID: OCKERT FOURIE: 079 697 5861

27 September 2022

Oom Tobie Fourie

Ek was geëerd om 'n kuier by oom Tobie Fourie van die Fourie Boerbokstoet (Stoet Nommer: 170) te kon doen. Oom Tobie was een van die stigterslede van die Bosveld Boerbokklub. Saam het ek, hy en sy seun Joubert 'n reis terug in tyd geneem.

Oom Tobie kyk my reguit in die oë en met 'n stywe handdruk stel hy homself voor. Sy oë glinster helder wanneer mens begin bokke gesels, ek kyk vir hom en besef in 'n breekdeel van 'n sekonde, dat ek nou in die teenwoordigheid is van 'n legende.

Hy vra: "Hennie boer jy ook met bokke?" Ja oom; hy volg op: " is jy al lief vir hulle?" verseker oom! Dan gaan ons lekker gesels skerts hy met 'n glimlag.

Oom Tobie het 'n sagtegees, duisende verhale en wysheid wat mens nie oornag bekom nie. Dit was vir my opvallend hoe geliefd hy is onder al die mense by Limpopo Dairy. Die respek wat aan hom betoon word spreek boekdele van 'n merkwaardige man.

Ek hang aan sy lippe soos hy sy staaltjies en verhale deel, soms is ek totaal verstom, en dink vir myself: "ons het dit darem baie maklik in vandag se lewe."

Dit is fisies onmoontlik om 80+ jaar vasgevang te kry in een onderhoud maar my lewe is verryk deur die uur wat ons saam kon spandeer.

Dit was vir my een van die grootste voorregte om die geleentheid te kon kry om die onderhoud te voer en ek hoop dat die onderhoud eer kan betoon aan die man, wat die voortou gevat het, grotendeels verantwoordelik was vir die begin van die fenomenale klub waaraan daar vandag soveel lede behoort.

Baie dankie oom Tobie.

Vlnr: Joubert Fourie, Oom Tobie Fourie, Hennie van Niekerk

Ons begin by die begin, wie is oom Tobie, waar is oom gebore en waar het oom groot geword?

Ek is gebore 1942 in Louis Trichardt, in die kraamhuis. Ek het grootgeword op Tshipise, daar was nie ‘n hospitaal in Messina nie, inteendeel was dit nog ’n myn dorpie met baie “shacks” en nie huise nie.

Ek het skool gegaan in Mopanie, dit is so 15myl vanaf ons af, Noord-wes.

In 1956, was ek ‘n standerdsesleerling waar ek vir ‘n jaar plaas toe gekom het, 1957 was ek Landbouskool Brits toe. Vandaar was ek vir ses maande Potch Landboukollege toe, ek was net ses maande daar toe is ek weer terug op die plaas, waar my pa vir my gesê het ek moet eers iemand kry wat my gaan leer hoe dinge werk want die rondvallery gaan nie werk nie. Ten spyte daarvan, het ek weer na ses maande ‘n skuif gemaak na Leer Gimnasium toe, daar was ek vir presies elf maande, elf dae en elf ure maar die sekondes kan ek nie onthou nie, hiervandaan het ek my finale skuif gemaak plaas toe, vertel oom Tobie met ‘n skaterlag.

Hoe het oom betrokke geraak met die boerbokke?

My pa het in 1932 met die bokke begin, ek het groot geword met bokke, en my seuns het groot geword met bokke.

Die eerste bokke wat ons gekry het, het met die trein gekom tot op Mopanie, daar was nog nie ‘n treinspoor tot in Messina nie. Die een ram wat ek nog goed kan onthou, daar was ‘n foto, maar êrens het die foto tot niet gegaan. Dit was ‘n wit bok met sulke lang gedraaide horings, met net een ligrooi kol onder sy een oog, sy hare was ook baie lank maar daar was ‘n ander een wat die beste vir my pa gedoen het, hy het ons kudde reuseskrede verbeter!

In 1963, was dit vir die eerste keer wat daar ‘n paar boerbokmanne in ons omgewing bymekaar gekom het. My pa, twee van sy broers oom Jan en Hotman Fourie, oom Jan Seegers (hy het vir ‘n ander man geboer maar sy eie bokke gehad), daar was ook om Frik van der Merwe, wat later die veeafslaer geword het van Vleissentraal. Daar was geen ander bokboere waarvan ons geweet het nie.

Wat dink oom van bokvleis?

Oom Tobie verwys na die mopanie veld agter die Soutpansberg, waar die tannies, soos sy ma bietjie volfiemies was, hulle wou nie bokvleis eet nie, volgens haar het dit gestink! Oom Tobie, verduidelik dat hy sy ma geleer het om bokvleis te eet, wat eventueel aanloklikker uitgedraai het as skaapvleis.

“Jy weet, daai tyd het ons nie bokke gevoer nie, jy het hom maar geslag van die veld af. Dit is iets wat mens nie meer vandag so vollop sien nie, dat bokke spekvet word van die veld af. Jy vang die bok in die môre uit, en maak hom vas in ‘n plek waar daar koelte is, sit ‘n skottel water uit, nie ‘n emmer nie, ‘n bok wil sien wat om hom aangaan. As hy sy kop in ‘n emmer moet druk om te drink belowe ek jou hy gaan nie suip nie.

“Wel vandag se skoubokke is geoefen” lag oom Tobie weer.

Dan hou jy die bok so apart vir twee dae, want voor die eerste reën kom is daar baie kruie en stinkbossies, sou dit gevreet word kan jy nie eers die melk van die bok drink nie en dan stink die vleis! Dan slag jy hom na die twee dae van isolasie in die agtermiddag en hy is skoner en lekkerder as ‘n skaap. Dit is hoe ek my ma leer bokvleis eet het.

Hoe het die Bosveld Boerbokklub ontstaan?

In 1963, was ons nog net ‘n studie groep wat begin skou het in Messina en Louis Trichardt, klein… baie klein. Dit is die manne wat dit ernstig begin maak het, die eerste klub is gestig genaamd die Noord-Transvaal Boerbokklub in 1964 met net 6 lede, en ek was die eerste sekretaris. Die telersvereniging was gestig in 1959 met ooms Theuns Jordaan as voorsitter en Sys Botha as sekretaris wat ek baie goed geken het. Hy het die titel gehad, maar sy vrou moes al die skryfwerk doen en hy was ‘n bevoeterde man.

Die eerste keer wat ek in Somerset Oos gekom het was in 1957/58, want ek wou vreeslik graag gaan kyk het waar kom die ramme vandaan wat my pa gekoop het. Daar het ek vir oom TW Jordaan, sy seun Bart en oom Sys ontmoet. My eerste beginnerskurses het ek daar geloop in 1963 waarvandaan ek nog nege gedoen het (ek dink dit is ‘n rekord, ‘n volle tien beginnerkursusse sê hy met trots).

Oom Sys het my vinnig opgesom, en gesê “as jy nie op ‘n kurses is nie, gaan jy droog maak”. Snaaks genoeg was hy kursesleier vir drie of vier van daai kursusse.

Dan onthou oom Tobie ‘n ander oom… oom Theuns Kruger! Oom Theuns kon dit nie lekker hanteer wanneer hy iets verduidelik het, en jy hom daarna weer daaroor uitgevra het nie. In so geval, het hy altyd sy hoed van sy kop afgehaal, sy khaki hoed, hom op die grond neergegooi en op hom getrap om sy misnoeë bekend te maak, en dan gesê “kom ons begin weer voor.” (Lekker lag ons saam.)

Ag almal was baie interessante mense gewees.

Die eerste SA’s kon ek nie bygewoon het nie.

Wanneer het oom hulle se stoet geregistreer?

Die eerste stoet se nommer het begin by 100, ons is 170. Al die eerstes was maar in die Oos Kaap maar dit was om en by 1960 net na die stigting van die telersgenootskap.

Die stigting was nie daai tyd met die algemene jaar vergadering (AJV) gestig nie, dit was ‘n aparte storie. Die AJV was altyd met die Nationale veiling, eers in Somerset Oos, toe in die diep 1970’s na Kimberly verskuif en nou is dit in Bloemfontein wat meer sentraal is vir almal.

Vertel my bietjie meer van die Fourie BoerbokStoet

Laat ek jou vertel, ek het my stukkend gery agter promosie dae en veilings om bokke te adverteer, sodat mense kon begin met bokke boer.

Interresant, ons het in 1965 ‘n groot droogte ervaar… hy beklemtoon verskriklik droog. ‘n Oom Fred Badenhorst, het in Messina weidingsproewe gedoen tussen verskillende veerasse, dit was ses of sewe. Hy het my pa raakgeloop by die landbou unie vergadering en hulle het daaroor gesels, waarop my pa gevra het hy moet my skakel ivm boerbokke vir sy studie.

Oom Fred het my geskakel, en ek het hom gesê, die enigste manier hoe ons die boere gaan kan help om die droogte te oorleef, is om hulle te kry om met bokke te boer. Daar was niks weiding vir beeste nie, daar was wel kos vir ‘n bok. Oom Fred het leiding geneem en ‘n paar kapaters by my gevra vir die studie, ek het hom 25 gegee want dit was al wat ek op my bakkie kon laai. Oom Fred se senior het het nie daarmee saamgestem nie, en my eerste brief wat ek ontvang van die Departement van Landbou was om my in kennis te stel dat ek moet ophou om bokke te promoveer, want geen bokke word toegelaat agter die Soutpansberg nie. Volgens die Departement was dit besig om ‘n woestyn te word, hulle het grondmonsters geneem, en toetse gedoen op meer as ‘n duisend van die monsters, waarvan daar net een was wat ‘n grassaadjie gehad het.

Ek onthou my pa het na een landbouvergadering ‘n paar sakke saad saamgebring en gesê ek moet dit gaan saai, dit is weer ‘n begin.

Nietemin het ons eerste reëns geval net na ek kampe gespan het vier voet hoog, en die bosveld suurgras het geblom, dit het 10 duim, of 25cm van die boonste draad gestaan. Ewe skielik was die woestyn nie meer woestyn nie en al my sade was verniet… lekker lag die oom.

Die klub het baie stilgestaan terwyl ek en oom Fred die proewe doen het, so veel so dat my pa vir my gesê het, dat ek vir oom Theuns hulle meedeel dat ons die stryd verloor het, wanneer ek weer Somerset toe gaan. Ons kon nie meer mense kry wat wil bokke boer nie. Dit het maar gebly by net die paar van ons wat dit begin het.

Die dag toe oom Fred se proewe aan die lig kom, was die bokbedryf in rep en roer! By die eerste boeredag was daar ‘n ekstra vyf boere wat belanggestel het. Ons het so ‘n boeredag elke drie maande gehad, by die derde een, was on 65 lede! By die 5de en 6de boeredag het ek opgehou tel.

‘n Mens het ‘n bokooi gekoop vir 1.5 to 2 shillings wat in vandag se termes 15 tot 20 sent was. Binne 6 weke, het die bokooie se prys opgegaan na 1 pond tien en 1 pond 15 (R2 in vandag se terme).

Dit is amper ‘n 1000% groei sê ek! Die skielike prysstyging het gebeur as gevolg van oom Tobie en oom Fred se studies. Dit alles net om die bokras se weigewoontes en aanpasbaarheid bekend te maak… vul Joubert aan.

Volgens oom Fred se studies, was die boerbok die tweede mees winsgewendste kleinveeboerdery. Dit was net verbygesteek deur die klein merino’s vir die waarde van hulle wol daai tyd.

In 1979, dit was vir my ‘n moeilike tyd, my pa is daai jaar oorlede. Ek, my pa en my ouer broer het saam in ‘n vennootskap geboer. Na sy afsterwe het my ouer broer, nie saam gestem oor wat my pa vir my nagelaat het nie, en ek het na 4 jaar besluit “Have it your way” ek onthou nie veel gedurende die tyd nie, maar van daarna af kan ek weer goed onthou.

Wanneer het die klub se naam verander vanaf NTVL Boerbokklub na Bosveld Boerbokklub?

Daar was eers baie onmin en verskil van opinies gewees, daai tyd het die mense mekaar nog met die vuis bygekom. In die laat 80’s was daar seker 4 verskillende klubs in die provinsie omdat die manne nie saam kon stem nie. Hulle wou al hulle verskille op die bokke se rûe gooi… dit was nie vir my reg nie.

Nietemin, dit is waar Joubert betrokke geraak het by die klub se bestuur, en oor ‘n periode van tyd het die ander klubs weer doodgeloop.

Dit was in die vroeë 2000’s, wat die klub die Bosveld Boerbokklub geword het, wat nou nog staande is.

Het bokke oom al uit ‘n verknorsing gehelp?

Verseker, my vrou het ‘n koors ontwikkel van damwater wat sy gedrink het, wat haar in die hospitaal laat beland het. Francis, my tweede kind was nog op moedersmelk, met my vrou in die hospitaal het ek en my skoonma alles prober van beesmelk tot blikmelk, ons het alles probeer maar sy wou niks drink nie. Ek sê toe vir my skoonma ek het lammers laasweek gespeen, ek gaan kyk of ek van die ooie nog kan melk. Ek melk toe ‘n “canfruit” bottel halfvol waarna my ma dit toe kook en koud gemaak het, en Francis dit gedrink het. Probleem opgelos… lag hy weer.

Wat het oom geleer uit bokke uit?

As jy hom reg hanteer sal ‘n bok jou uit die moeilikheid uit help.

Wat sal oom graag wil sien in die Suid Afrikaanse bokbedryf?

Dat bokke se veelsydigheid meer beklemtoon sal word. Nie net sal hulle jou uit nood uit kan uithelp nie maar:

- hulle is fantastiese ontbossingmeganismis.
- hulle het van die gesondste vleis met die laagste cholesterol
- hulle is van die mees winsgewendste kleinvee rasse. (mits jy hulle reg bestuur)

Dit is om net ‘n paar te noem.

Oom was die klub se eerste erelid, hoe voel oom daaroor?

Ek voel geëerd, maar ek dink nie ek verdien dit nie.

Hennie: “Nee oom… oom verdien dit deur en deur”

Wat was/is vir oom baie belangrik?

Dat boere mekaar moet help en bystaan. Dat hulle mekaar nie moet te na kom nie. Help mekaar, ek het baie kilo's gery om boere te help, want 'n bok se vleis het ons al aan die lewe gehou.

Vir 'n nuwe teler, wat sal oom se advies wees vir hom?

Gaan besoek 'n boer, kyk hoe handteer hy sy bokke, verskieslik ekstensief.

Moet nie net pens en pootjies inval nie, begin en doen 'n kurses, leer van die bokke en raak lief vir hulle.

PRET VRAE…. Daar is nie reg of verkeerd nie (oom moet kies)

1. **Wat is volgens oom die ergste: 'n Kort kruis, hakke of 'n swak toplyn?**
   Oom Tobie: 'n kort kruis (ek moet noem dit hang alles van die graad af)

2. **Ons eie interras kompetisie…. Wat is vir oom die mooiste die Boerbok, Kalahari's of Savanna's**
   Die Boerbok, los hande …. Lekker lag ons saam. (my pa het 'n gesegde gehad… elke ou soen sy vrou op sy eie manier) maar alle bokke is mooi.

3. **Wie weet die meeste van bokke… oom of Joubert?**
   Uitspraak voorbehou …hahahha

Oom Tobie sluit af: "Hennie jy moet lekker met die bokke boer… onthou wees lief vir hulle."